

Vrydag 12 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 7:53 – 8:30 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Johannes

:2-11

Jesus veroordeel nie die sondaar nie, maar Hy keur ook nie die sonde goed nie

Jesus sit in die tempel en daar staan 'n kring mense rondom Hom wat Hy leer. Die skrifgeleerdes en Fariseërs bring 'n vrou wat op heterdaad met owerspel betrap is, en laat haar in die middel van die kring mense staan. Hulle is nie werklik gepla oor die vrou se sonde nie, maar gebruik haar eerder as 'n pion om vir Jesus 'n strik te stel.

Hulle sê vir Jesus: *“Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U?”* Hulle weet dat as Jesus sou sê dat sy nie gestenig moes word nie, dan kan hulle Hom aankla by die Joodse Raad dat Hy die wet van Moses oortree. As Jesus wel sou sê dat hulle haar moes stenig, dan kon hulle Hom aankla dat Hy nie die wet ken nie, want die wet eis dat die man ook gestenig moes word (Lev. 20:10; Deut. 22:22), of hulle kon Hom by die Romeinse regering gaan aankla, want die Jode mag nie self die doodstraf voltrek het nie (Joh. 18:31).

Jesus sien egter deur al hulle strikke en ontwyk elkeen triomfantlik. Hy antwoord hulle net: *Laat dié een van julle wat sonder is, die eerste 'n klip op haar gooi.* En so plaas Jesus elkeen van hulle in sy gewete voor ons hemelse Vader. Hulle wat so maklik ander wil veroordeel, maar wat self ook maar skuldig voor die Here staan. Die gevolg is dat elkeen van haar beskuldigers wegstap ... die oudstes eerste ...

En dan draai Jesus na die vrou en sê vir haar: *Het niemand jou veroordeel nie? Ek veroordeel jou ook nie ...* Hoekom veroordeel Hy haar nie? Want Hy gaan vir haar sonde van owerspel en al haar ander sondes aan die kruis betaal. Maar Jesus keur ook nie die sonde goed nie, en daarom beveel Hy haar: *Gaan heen en sondig nie meer nie.*

So leer Jesus ons hoe ons moet optree teenoor ons naaste wat in sonde val: Ons moenie mekaar liefdeloos veroordeel nie, maar ons mag ook nooit die sonde goedkeur nie. Jesus leer ons: Wees lief vir die sondaar, maar nie vir die sonde nie.

Sing: Psalm 130-1:2

Ds. LM Floor (Marcel) (Sasolburg)